HENRY BETTENSON: Documents of the Christian Church. Oxford University Press. 456 Bladsye. Prys in Pretoria 3/9.

Hierdie besonder goedkope en handige uitgawe bevat Engelse vertalings van tal van historiese dokumente in verband met die studie van die kerkgeskiedenis. By die bestudering van die kerkgeskiedenis kan dit dien as illustrasie en help om die gebeurtenisse van eeue gelede beter te verstaan. Maar dit is nie alleen van belang vir die studie van die kerkgeskiedenis nie, maar ook vir die studie van die dogmengeskiedenis, die dogmatiek en die Nuwe Testament. Dit bevat verskillende dokumente van die klassieke skrywers uit die heidenwêreld waarin na die Christendom gerefereer word. Ook dokumente in verband met die houding van die Christendom teenoor die antieke wetenskap, die verhouding van die Kerk en die Staat tot mekaar, ens. Dokumente soos die Muratoriesekanon is daarin afgedruk, en stukke in verband met leerstellige beskouings van die ou kerkvaders. Ons vind daarin stukke van die ou Synodes van die eerste eeue, toe oor die twee nature van Christus gehandel is. Stukke van ketterse kant, soos die Sirmiese Formules ens.

Ons kan dokumente lees in verband met die groot stryd tussen Augustinus en Pelagius oor die vraag van sonde en genade. So ook in verband met die heftige stryd in die Middeleeue tussen die Pous

en die Keiser. Verskillende stukke uit die dae van die kerkhervorming en later. Dit is dan ook 'n baie waardevolle boekie wat deur iedere predikant behoort aangeskaf te word.

Maar tog, hierdie boekie met al sy voortreflikheid laat ons sien hoe die historikus ten slotte subjektief bly, al gee hy sy feite heeltemal korrek weer. Hy bekyk die gebeurtenisse vanuit 'n bepaalde standpunt. As Hervormdes mis ons dan ook belangrike dokumente, wat op die ontstaan van ons Hervormde Kerk betrekking het, b.v. kon wel iets van die Konvent van Wesel (1568) meegedeel gewees het. Die Edik van Nantes word wel nota van geneem, maar niks van die oudste Hervormde Synode van Frankryk nie. Die vyf-en-negentig stellings van Luther word wel afgedruk, maar nie die pouslike banbul nie. Maar, dit laat ons sien hoe iedere historikus subjektief bly, ook selfs by die keuse van dokumente wat hy uitsoek en afdruk.

Nogmaals, die boekie word sterk aanbeveel.

S. P. ENGELBRECHT.